insiggewend na vore gekom het, is dat 1 Tessalonisense nie sonder meer geïnterpreteer moet word in terme van teologiese konsepte wat byvoorbeeld in Romeine, Korintiërs en Galasiërs voorkom nie. Donfried het interessante raakpunte tussen die Paulus-beeld in Handelinge en dié in 1 Tessalonisense uitgewys. Hierdie raakpunte is groter as dié tussen 1 Tessalonisense en byvoorbeeld Galasiërs. Die onderskeid tussen 'n 'vroeë Paulus' en 'n 'latere Paulus' geld nie net die opstandingsgeloof en die eskatologie nie. Hierdie onderskeid kan ook met betrekking tot die ekklesiologie gemaak word. Dié ontwikkeling vertoon egter nie 'n diskontinuïteit nie. Daar kan in hierdie verband byvoorbeeld gewys word op die konsep 'liggaam van Christus' wat nie in 1 Tessalonisense voorkom nie, maar wat 'n teologiese uitbouing is van die konsep 'in Christus/Here' wat wel in 1 Tessalonisense voorkom en daar 'n belangrike Christologiese en ekklesiologiese aangeleentheid is. Die studie van die ontwikkeling tussen die Pauliniese teologie en die vroeë katolieke periode sal ook kennis moet neem van die ooreenkoms tussen 1 Tessalonisense en Handelinge rondom 'gesagsfigure'.

Wat die histories-kritiese fragmentering van 1 Tessalonisense met betrekking tot veral die voorkoms van meer as een dankseggingsgedeelte betref, is die referate van Wuellner en Lambrecht baie ter sake. Die 'nuwe retoriek' waarmee Wuellner 1 Tessalonisense geanaliseer het, sowel as die algemene strukturele patroon wat Lambrecht met betrekking tot die Pauliniese dankseggingsgedeeltes geïdentifiseer het, bring mee dat die argumente wat op 'n gebrek aan geheelheid en op die moontlikheid van interpolasies probeer wys, al hoe minder oortuigend raak.

Die ontoereikendheid van argeologiese bevindinge ten opsigte van die antieke stad Tessalonika, het 'n ernstige leemte in die konstruksie van die historiese konteks van die eerste gemeente met betrekking tot wie ons 'n geskrif in die Nuwe Testament het, beklemtoon. Tog het Koester met behulp van die politieke agtergrond en met behulp van argeologiese bevindinge rondom die grafte van soldate in die antieke Griekse stede, belangrike inligting na vore gebring wat kan help om die tradisionele apokaliptiese materiaal in 1 Tessalonisense in terme van 'n konkrete, kontigente situasie nuut te interpreteer.

# Proefskrifbespreking

Van Aarde, AG - Scheffler, EH 1988. *Suffering in Luke's Gospel* ........ 183

Hattingh, LJ - Steenkamp, JJ 1987. *Die Wêreldraad van Kerke se bemoeienis met die rassevraagstuk in Suid-Afrika. 'n Histories-analitiese oorsig van die periode 1950-1970* .......... 190

# Boekbespreking

Botha, PJ - Deist, FE & Le Roux, JH 1987. *Revolution and reinterpretation: Chapters from the history of Israel* .......... 201

Geyser, PA - De Villiers, PGR 1987. *Liberation theology and the Bible* 203

Naudé, RM - Kriel, JR 1988. *Removing medicine's cartesian mask: The problem of humanising medical education* .......... 206

Stander, HF - Ferguson, E 1987. *Backgrounds of early Christianity* ....... 207

Stander, HF - Durst, M 1987. *Die Eschatologie des Hilarius von Poitiers: Ein Beitrag zur Dogmengeschichte des vierten Jahrhunderts* ... 209

Storm, JMG - Loubser, JA 1987. *The apartheid Bible. A critical review of racial theology in South Africa* .......... 212

Van der Merwe, PJ - Krüger, JS 1988. *Aandag, kalmte en insig* ............ 215

Van der Merwe, JC - Van der Walt, BJ 1988. *My roeping as Christen-jongmens in die huidige Suid-Afrika* .......... 217

Van der Westhuizen, HG - Van Houten, RL 1988. *The Message of Harare* .......... 222

Van der Westhuizen, HG - Du Preez, J 1988. *Die aantrekkingskrag van die Marxisme vir die Derde Wêreld* .......... 225

Van Staden, AJ - Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986. *Die diakonaat en die alkohol- en dwelmafhanklike* .......... 227

# Proefskrifbespreking

Scheffler, EH 1988. Suffering in Luke's Gospel.

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
Promotor: Prof AB du Toit

**Resensent: Prof AG van Aarde**

ALGEMENE OPMERKINGS

Die studie vorm 'n pragtige geheel en toon dat die kandidaat selfstandige wetenskaplike navorsing kan doen. Hy formuleer sy doelstelling baie duidelik en hy bly deurgaans daarby wanneer hy met ondubbelsinnige argumente sy oortuiging beredeneer.

Die promovendus moet krediet ontvang dat hy 'n hele dokument wat in die Nuwe Testament relatief groot in volume is, te wete die Evangelie volgens Lukas, ondersoek het. Afgesien daarvan dat dit op sigself 'n besondere kompetensie en 'n beheersing van 'n groot omvang van sekondêre literatuur verg, is dit 'n baie belangrike faktor in die geloofwaardigheid van die resultate van sy besondere ondersoek. Indien hy sy studie sou beperk het tot byvoorbeeld die eksegese van die Nasaret-perikoop (Luk 4: 16-30) en die Loflied van Maria (Luk 1: 46-55), sal hy wel kon aantoon dat die heilsboodskap van Lukas onlosmaaklik te doen het met die *onbegrensde* barmhartigheid van God, maar hy sou nie kon aantoon dat Lukas dit illustreer met die *medelyde* van Jesus van geboorte tot verhoging en met dié van Jesus se volgelinge nie. So 'n ondersoek vereis 'n holistiese benadering tot die Evangelie, ofte wel 'n 'komprehensiewe' aanpak, soos die promovendus na die lydingstema as *Leitmotiv* van die Lukaanse korpus verwys.

Hoewel daar begrip bestaan dat die promovendus hom met betrekking tot hierdie korpus tot die Evangelie volgens Lukas beperk het (bl 5), is dit egter in 'n studie met 'n *komprehensiewe* oogmerk, 'n tekortkoming dat die Handelinge van die Apostels as die tweede deel van Lukas se werk nie deel van die ondersoek was nie. Dr Scheffler het wel op baie plekke in sy studie met insig na Handelinge verwys. Daarmee het hy getoon dat hy nie onbevoeg is om ook Handelinge by die ondersoek in te sluit nie. Indien hy dit gedoen het, sou hy, wat die tergende probleem betref rakende die swakheid van die apostels/dissipels (bl 134, 136-148) om onder die versoeking te swig om nie die voorbeeld van Jesus na te volg nie, kon aantoon dat hulle (veral Petrus en ook per implikasie Mattias wat Judas se ἐπισκοπή [Hand 1: 20] oorgeneem het) dié versoeking oorwin, maar dat dit steeds as probleem by die volgende geslag voorgangers van die kerk aanwesig is (vgl Paulus se toespraak aan die ouderlinge van Efese in Hand 20). Die tipiese Lukaanse dissipelbeeld met sy 'defection'-

geaardheid sou veel meer tot sy reg gekom het as Handelinge skerper ondersoek is. Dit geld ook ander aspekte in die proefskrif, soos die verband tussen sondaar wees en heiden wees en in die mag van die duiwel te wees. Insgelyks sou die beskrywing van die analogie van Johannes die Doper, Jesus die Messias, Petrus-hulle, Stefanus, Paulus en die volgende geslag voorgangers met die *lydenslot en vindisering* van Ou-Testamentiese martelare (soos Josef) en profete (soos Moses) (kyk Hand 7) baie kon bydra om die impak van die Lukaanse heilsboodskap wat die promovendus wil uitlig, te versterk. Die argument dat die beperking tot die Evangelie aan bladsyruimte toegeskryf moet word (bl 5), hou nie steek as in ag geneem word dat die proefskrif (met literatuurverwysingslys ingesluit) bloot honderd ses en negentig bladsye beslaan nie. Vanweë (sinvolle) terugverwysings dwarsdeur die proefskrif word buitendien baie herhaal van wat reeds gesê is. Daarby het die promovendus getoon dat hy goed daartoe in staat is om kort en saaklik te formuleer. Hiervoor word hy gekomplimenteer asmede vir die ontspannende en onderhoudende skryfwyse.

## DOELSTELLING EN RELEVANSIE

Dr Scheffler impliseer dat die heilsboodskap van Jesus volgens Lukas 'n etiese boodskap is. Hy gaan van die tweebronneteorie uit dat Lukas hoofsaaklik die Evangelie volgens Markus oorvertel het en dat Lukas se raakpunte met die Evangelie volgens Matteus toegeskryf moet word aan hulle onafhanklike gebruik van die gemeenskaplike bron Q. Met fyn insig suggereer die promovendus dat Lukas en Matteus se etiek onderskeidelik draai om hulle verskillende weergawes van die korrelasie tussen 'kind van God' en 'God as Vader' in Matteus 5: 48 (Ἔσεσθε οὖν ὑμεῖς τέλειοι ὡς ὁ πατὴρ ὑμῶν ὁ οὐράνιος τέλειός ἐστιν) en Lukas 6: 36 (Γίνεσθε οἰκτίρμονες, καθὼς ὁ πατὴρ ὑμῶν οἰκτίρμων ἐστίν). Sonder dat die promovendus dit eksplisiet aandui, het die Matteaanse etiek as sentrum die begrip 'volmaaktheid' wat deur veral die woord τέλειος uitgedruk word (kyk o a Rhoads, D 1987, Diversity in the Bible, *Dialog* 26/1, 14-19). Die promovendus se mening is baie duidelik en oortuigend dat die Lukaanse etiek weer draai om die begrip 'barmhartigheid' wat deur onder andere die woord οἰκτίρμων uitgedruk word. Matteus se etiek van volmaaktheid het nie te doen met 'n eind-eskatologiese ideaal om eendag in die hemel sonder foute te wees nie. Dit het te doen met 'integriteit onder die wet': konsistensie (t o v van bv sê en doen, gesindheid en optrede, insig en handeling) teenoor skynheiligheid (sê en doen ens kom nie bymekaar nie). Lukas se etiek van medelyde het te doen met, soos die Griekse woord οἰκτίρω / οἰκτίρμων sê, *sensitiewe omgee*. In Afrikaans word dit treffend met die woordjie *medelyde* uitgedruk. Jesus se hele lewe van geboorte tot verhoging is dié toonbeeld

hiervan.

In die eerste plek beredeneer dr Scheffler in sy proefskrif die tese dat hierdie medelyde nie in die lug hangende simpatie met slegs die ekonomies en polities verontregte mense beteken nie, maar konkrete saamly met *almal* - 'underdogs' of 'topdogs' - wat op *een of ander manier* - ekonomies, sosiaal, polities, fisies, psigies of geestelik - ly. Sy tese kom in die tweede plek daarop neer dat Jesus se medelyde nie gesien moet word as plaasvervangende lyding wat slegs betrekking sou hê op die ver-gifnis van sonde nie. Om as gevolg van sonde te ly, word deur die promoven-dus verstaan as 'geestelike lyding' en dit is alleen 'n komponent van wat hy 'komprehensiewe lyding' noem.

Die saak wat dr Scheffler beredeneer, is aktueel en relevant. Dit lewer ongetwyfeld 'n bydrae tot die moderne Bybelwetenskap. Aan die een kant pas dit by die huidige klem wat gelê word op die pragmatiek in die eksegetiese arbeid sowel as op die diversiteit van die Bybelse boodskap. Aan die ander kant poog dit om balans te bring in enersyds 'n eensydige materialistiese eksegese wat op 'n ideologiese wyse gedeeltes uit die Evangelie volgens Lukas vir ekonomiese en politieke doeleindes interpreteer en andersyds 'n eensydige konfessionele eksegese wat nie Lukas se soteriologie in verband bring met sy etiek nie.

BRONNE

Terwyl die proefskrif vanuit die moderne pragmatiese perspektief geskryf is, is dit daarom jammer dat die promovendus in gebreke bly om direk met eksponente van die onderskeie strominge debat te voer. Dit kon maar kortliks geskied het. Die feit dat hierdie debat as iets vir die toekoms gesuggereer word (kyk die heel laaste afdeling in die proefskrif, bl 186-187), is 'n troos maar neem nie weg dat dit as 'n tekortkoming in die onderhawige studie aangemerk moet word nie.

Die gebrek aan deurdringende debatvoering met vakgenote oor probleme wat in die uitleggeskiedenis van die Evangelie volgens Lukas vorendag gekom het, is wat die akademiese aard van 'n proefskrif betref, egter minder verskoonbaar. Waar dit wel plaasvind (kyk bv dié met Bertie du Plessis op bl 63; met Schneider op bl 143; met Tannehill op bl 147-148; met Conzelmann op bl 151), daar word die akademiese kwaliteit van die studie verhoog. Selfs net die instemmings by wyse van verwysings na sekondêre literatuur (kyk bv die verwysing na Schmithals op bl 24, na Schweizer op bl 34 en bl 93, na Sellin op bl 82, na Marshall op bl 111) of die blote vermelding van die woordjie *contra* (kyk bv bl 34, 70, 71, 136, 147), dra daartoe by dat die betrokke uitleg van dr Scheffler groter akademiese geloofwaardigheid verkry. Om op die teendeel in interpretasie te wys, vereis nou eenmaal debatvoering. Vooruitgang in die Bybelwetenskap is in 'n sekere sin hiervan afhanklik, al

kan daar deesdae, vanweë die stortvloed van woorde op woorde, miskien net op die pluraliteit in interpretasie en praxis gewys word. Dit is daarom opvallend dat die promovendus nie eens op bladsy 56 met betrekking tot die lyding van Jesus as δίκαιος na Karris verwys nie, terwyl hy op bladsy 12 in sy oorsig van tersaaklike aspekte in die navorsingsgeskiedenis hierdie saak as 'n belangrike insig by Karris aangemerk het. Die promovendus se aansluiting op bladsy 79 by Cassidy se politieke lees van Lukas, sonder argumentvoering met Conzelmann en Schmithals se standpunt oor Lukas se politieke apologie, maak dat sy kritiek op Conzelmann (bl 6) en op Schmithals (bl 7) aan geloofwaardigheid inboet - later moet hy selfs sekere aspekte van hierdie politieke apologie toegee (bl 151 en 181). Dit is veral die gebrek aan debat met Seccombe wat meebring dat hy nie die wetsvroomheid as grondliggend aan Jesus se omgee vir die 'armes' wat Lukas betroubaar weergee, werklik na waarde ag nie. Daarby is die oppervlakkige verwysing na sekondêre literatuur hier en daar, soos dié na Prince en Brink (bl 15 ), in 'n proefskrif steurend. Dr Scheffler wou met hierdie betrokke verwysings die aandag vestig op literêr-kritiese (narratiewe) eksegese wat van die Evangelie gedoen is. Die betrokke twee geleerdes propageer egter verskillende narratologiese invalshoeke en hulle werke is buitendien algemeen literatuurteoreties van aard, terwyl daar uitmuntende narratologiese studies van die Lukaanse literatuur bestaan waarna die promovendus in hierdie verband kon verwys. Daar is byvoorbeeld dié van Resseguie, Praeder, Dawsey, Moore, Kurz en Tannehill. Dit is veral die werk van Resseguie (1982) wat baie betrekking het op die tema wat die promovendus in sy proefskrif hanteer.

## WAARDEVOLLE INSIGTE

Die volgende aspekte in die proefskrif het as waardevolle insigte beïndruk: die klem wat gelê word op die weduweeskap van die Siriese vrou in Lukas 4: 26 (bl 19-20) en op die 'universele konsep van lyding' met betrekking tot die weduwee in Sarfat (vs 26) en Naäman, die Siriër (vs 27) (bl 27); die siening dat die uitdrukking πληροῦν nie op die vervulling met betrekking tot tyd dui nie, maar met betrekking tot die Skrifte (bl 29); die verwysing na Lukas se vervanging van Markus se *nabyheid* (ἤγγικεν) van die koninkryk van God (Mark 1: 15) met die teenwoordigheid *vandag* (σήμερον) van die koninkryk van God (Luk 4: 21b) (bl 28) en dat dit ook betrekking het op die vervulling van die Skrifte (bl 29) en op die *onmiddellike* verligting van lyding (bl 65) wat ook geld vir die rower wat saam met Jesus gekruisig is (bl 155; vgl ook bl 104); die verbandlegging tussen die Messias-titel en medelyde (bl 34) wat, so terloops, ooreenkom met Matteus se gebruik van die Seun van Dawid-titel in die konteks van genesing; die mening dat

die landstreek 'Ιουδαία vir Lukas Galilea nie uitsluit nie, maar na die hele Joodse gebied verwys (bl 35); die aantoon van die man-vrou parallel (bl 42); die insig dat die opmerking in Lukas 16: 9-13 dat daar met Mammon vriendskap gesluit moet word, nie inhou dat daar noodwendig meer rykdom vergader moet word nie, maar dat geld gebruik kan word om diens te lewer (bl 63); die raaksien van die verskil in die gebruik van Q deur onderskeidelik Matteus (23: 25-26) en Lukas (11: 39-41) ten opsigte van die kontrovers tussen Jesus en die Fariseërs toe Jesus volgens Matteus sou gesê het dat die 'blinde' Fariseërs hulle beker aan die binnekant èn die buitekant moet skoonmaak en volgens Lukas sou toevoeg dat hulle dit wat in die bekers en borde is, as barmhartigheid (ἐλεημοσύνη) aan behoeftiges moet gee (bl 66) - 'n insig wat die promovendus in verband kon gebring het met die verskil in etiek tussen Matteus en Lukas waarna ons hierbo gewys het; die klem op Jesus se *onvoorwaardelike* aanvaarding van sondaars nog voordat daar berou getoon is (bl 69-70; vgl ook bl 74, 99, 103, 106,) - 'n insig wat die promovendus kon problematiseer deur dit in verband te bring met die beskuldiging van die Joodse godsdienshoofde dat hierdie optrede van Jesus op Godslastering neerkom omdat net God sondaars kan vergewe (kyk Luk 5: 21); die verwysing van die metaforiese rol van die herders en dat die soldate en die tollenaars op dieselfde manier deur Lukas hanteer word deurdat hulle as sosiaal verag beskou is, en dat Jesus, volgens Lukas, nie van hulle verwag het om hulle professies neer te lê nie (bl 71); die insig dat siek en gestremde mense, soos melaatses, en (*sic* - eerder 'as') sondaars geëkskommunikeer is omdat hulle vanweë hulle gestremdheid nie in die 'normale' samelewing verdra is nie (bl 75); die beklemtoning dat Jesus nie in die verkryging van politieke mag geïnteresseerd was nie (bl 79); die koppeling van die gelykenis oor die Barmhartige Samaritaan met 2 Kronieke 28: 8-15 waar daar ook vertel word van barmhartigheid wat Samaria aan Judea betoon het (bl 82); die instemmende aanhaling van Bietenhard rakende die oorbrugging van die afstand tussen die 'vreemde' en 'verre' God en 'reddelose' heidene wat deur die tipiese Lukaanse sendingfrases, εἰς πάντα τά ἔθνη ... ἕως ἐσχάτου τῆς γῆς (Luk 24· 47) en ὀυκ ἔστιν προσωπολήμπτης ὁ θεός (Hand 10: 34) (lg, t o v Cornelius i v m Petrus), uitgedruk word (bl 83); die lys van genesings (bl 90); die raaksien daarvan dat Lukas nie Markus se simboliese en graduele referensie van die genesing van blindes oorgeneem het nie (bl 93); die aantoon van die ironie dat die Sadduseërs die tempel beheer het, maar nie Simeon en Anna (kyk weer die man-vrou parallel) by die tempel se verwagting met betrekking tot die koms van die Messias van Israel gedeel het nie (bl 96); die wys op Lukas se herhaaldelike vermelding dat Jesus van 'n veragte gebied afkomstig is en die

ooreenkoms wat hieroor met Johannes 1: 46 bestaan (bl 110); die aantoon van die paradoks tussen Jesus se verhoging en vernedering (bl 111); die insig dat Judas se inbesitname deur Satan (Luk 22: 3) die passie van Jesus volgens Lukas laat begin het (bl 115); die verskil tussen Lukas en Markus, maar die ooreenkoms tussen Lukas en Johannes ten opsigte van Jesus se verhoor (bl 150); die verwysing na Lukas se empatie met bejaardes (bl 182).

## KRITIESE OPMERKINGS

Die belangrikste kritiese beswaar wat op die proefskrif uitgebring moet word, hou verband met wat hermeneuties as die dwaling van misplaaste konkretisering bestempel kan word. Die probleem in hierdie verband het te make met die promovendus se kategorisering van lydendes in die Evangelie volgens Lukas. Dr Scheffler meld op bladsy 3 dat hy daarvan bewus is dat sy kategorieë (ekonomiese, sosiale, politieke, fisiese, psigologiese en geestelike lyding) van moderne denkkategorieë spreek. Hy sê dat dit tog nie impliseer dat Lukas 'n graad in byvoorbeeld sielkunde verwerf het nie. Met so 'n opmerking ontkom die promovendus egter nie die probleem in pragmatiese eksegese dat moderne idees bewustelik of onbewustelik in die Bybel ingedra word nie. Hierdie gevaar kon grootliks deur die promovendus voorkom word, indien hy gebruik sou maak van 'n sosiologiese model wat ontwerp is om juis die eerste-eeuse Middeterreense samelewing te analiseer. Op die gemelde bladsy 3 van die proefskrif verwys die promovendus op 'n sekondêre wyse na Bruce Malina wat daarvoor bekend is dat hy aan die hand van so 'n antropologiese model die Nuwe Testament sosio-histories ontleed. [Ter-loops, die verwysing moes eintlik na P Hollenbach 1987, Defining rich and poor: Using social sciences, in Richards, KH (ed), *S B L 1987 Seminar Papers*, 50-63, Atlanta: Scholars, gewees het wat op sy beurt Malina aangehaal het.] Indien die promovendus binne die raamwerk van byvoorbeeld die sosiologiese model van Malina gewerk het, sou hy waarskynlik sy bedoeling om lyding 'komprehensief' te beskryf, sterker kon bevestig sonder dat hy noodwendig daarmee met sy resultate ideologies in die lug sou hang of metodologies rigied sou raak (kyk die voorneme wat hy op bl 16 in hierdie verband uitspreek).

'n Voorbeeld van misplaaste konkretisering is veral die kandidaat se beskrywing van politieke lyding. Op onder andere bladsy 75 neem *nasionaliteit* die belangrikste komponent van die promovendus se verstaan van politiek in. Lyding in hierdie verband is dan veral die oorheersing van een 'nasie' deur 'n ander, die wrywing tussen 'nasies' en die afsondering van een 'nasie' van 'n ander. Volgens dr Scheffler is Lukas se universele boodskap die antwoord op dié 'politieke lyding' wat nasionale eksklusiwisme veroorsaak. Hoewel oorheersing wat die universele politiek sedert

Alexander die Grote tot gevolg gehad het, 'n politieke aangeleentheid was, behoort die probleem van Joodse partikulariteit teenoor Helleense universaliteit nie vanuit 'n eerste-eeuse perspektief as polities van aard beskou te word nie. Dit was veeleer 'n religieuse aangeleentheid. EP Sanders se insig dat die ostrasering van 'sondaars' in die Joodse samelewing in die grond van die saak daarop neergekom het dat hulle toegang tot die tempel geweier is en J Jeremias se sterk verbandlegging tussen sondaar wees en heiden wees, is wat die verskynsel partikulariteit teenoor universaliteit in die Lukaanse korpus betref, van essensiële belang. Paulus word juis beskuldig dat hy heidene in die tempel sou toegelaat het (kyk Hand 21: 28; vgl ook Hand 26: 18, 20v). 'n Meer direkte inagneming van hierdie saak in die proefskrif sou aan die promovendus se bespreking van Lukas se besondere weergawe van die Romeinse hoofman se belydenis by die skeur van die voorhangsel van die tempel (bl 153) diepgang verleen het. Nasionaliteit as sodanig is egter eers sedert die opkoms van die moderne kultuurgodsdiens en die ontstaan van die Sendingwetenskap 'n saak van teologiese bespreking. Politieke magsmisbruik in die Nuwe-Testamentiese tyd wat lyding veroorsaak het, is egter heeltemal 'n ander aangeleentheid.

Jesus was wel 'n slagoffer van politieke magsmisbruik en daarom moet daar toegegee word aan die opmerking van die promovendus bo-aan bladsy 79 met betrekkimg tot 'politieke lyding'. Dit geld veral dié op bladsy 149-152 oor Jesus se onskuldige lyding onder Pilatus en Herodes. Laasgenoemde saak word egter in die proefskrif nie as 'politieke lyding' beskryf nie! Wat wel as 'n voorbeeld van 'politieke lyding' beskou word (bl 81-82), is die 'vreemdelingskap' (ἀλλογενής) van die Samaritane wat lei tot sosiale ostrasering en religieuse eksklusiwisme. Die Jode het naamlik God se bevrydende teenwoordigheid ingeperk en van die nie-Jode weggehou. Jesus het volgens Lukas hierdie gedrag egter afgewys. Dit is 'n saak wat nie met politieke magsmisbruik as sodanig te doen het nie (vgl ook bl 83 t o v Hand 10: 28, 34 en bl 87 t o v 'buurmanskap'). Op bladsy 125 word daar met reg na Herodes as 'n *politieke gesagsfiguur* gewys. Tog vermeld die promovendus op bladsy 134 net sydelings dat Herodes (en Pilatus) se politieke maatreëls lyding vir die 'kind' Jesus en die Jesus-beweging veroorsaak het (kyk Hand 4: 26vv). Hy toon egter nie aan hoe Herodes se optrede dreig om te voorkom dat daar medelyde met siek en duiwelbesete mense betoon word nie (kyk Luk 13: 32). Die episode oor die koop van die twee swaarde (Luk 22: 35-38) en die promovendus se instemming met Tannehill se interpretasie daarvan (bl 147-148), kon ook met reg, sonder die gevaar van misplaaste konkretisering, met politieke lyding in verband gebring gewees het (vgl veral Luk 22: 52). Godsdiens-

hoofde as Joodse maghebbers het volgens hierdie berig Jesus gevange geneem en die swaarddraende dissipels (en veral Judas) bevind hulle solidêr met die 'politieke maghebbers' teen Jesus: die mag van die duisternis, die mag van Satan (kyk Luk 22: 3, 40, 46, 53) teen die 'mag' van Jesus, sonder 'n swaard en met medelyde vir die slagoffer van die swaard (kyk Luk 22: 52). Dit is met die uitwerk van onder andere hierdie (Lutherse) tema in die Lukaanse korpus dat Conzelmann (en Schmithals) tot die tese met betrekking tot 'politieke apologie' gekom het.

Die promovendus se verwysing na 'sondaars' as 'geestelike lydendes' is in 'n sekere sin ook problematies. Die verband wat daar in die Joodse sondebegrip gelê word tussen die oortreding van die wet, tollenaar wees, siek wees ensovoorts en om 'sondaar' en 'duiwelbesete' genoem te word, word in die proefskrif nie 'komprehensief' genoeg verdiskonteer nie. Dit is waarskynlik ook die rede waarom die beskrywing van die analogiese lyding van Jesus as 'sondaar'/ soos 'n 'sondaar' (bl 163) nie oortuigend is nie. Bestaan daar nie 'n gevaar dat om sonde 'geestelike lyding' te noem, 'n mens aan dieselfde mistasting skuldig sal wees as om 'armoede' figuurlik te verstaan nie (bl 67)? Hierteen maan die promovendus baie sterk en tereg ook. Dit is egter nie korrek om die verwysing na 'armoede' in die Evangelie volgens Matteus figuurlik te noem nie.

ORTOGRAFIESE INRIGTING

Die proefskrif is tegnies en ortografies uitmuntend versorg. Wat spel-, formulerings- en tikfoute betref, is die proefskrif nie spesifiek met die oog daarop nagegaan nie. Die volgende het wel in hierdie verband opgeval: *'lukanischen'* in plaas van *'Lukanischen'* (bl 6, 189); 'Hellenist' in plaas van 'hellenist' (bl 10, 14); 'par' in plaas van 'pars' (bl 10; kyk ook bl 74 waar die korrekte vorm voorkom); 'Combrink' in plaas van 'Combrinck' (bl 18, 189); 'Hellenic' in plaas van 'hellenistic' (bl 22, 23, 60, 66, 68); 'Hellenism' in plaas van 'hellenism' (bl 71); 'later' in plaas van 'lated' (bl 134); '(23: 47)' in plaas van '(22:47)' (bl 153); 'ἀπολωλός' in plaas van 'ἀοπλωλός' (bl 168); '(18: 13)' in plaas van '(18:3)' (bl 177).

---

Steenkamp, JJ 1987. Die Wêreldraad van Kerke se bemoeienis met die rassevraagstuk in Suid-Afrika. 'n Histories-analitiese oorsig van die periode 1950-1970

Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria. Promotor: Prof AD Pont

Resensent: Prof JL Hattingh

Die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk, aanvanklik gesien as 'n bloot huishoudelike aangeleentheid, het in die vyftigerjare 'n internasionale besprekingspunt geword en wye belangstel-

ling gaande gemaak. Die Wêreldraad van Kerke was een sodanige geïnteresseerde. Van 'n aanvanklik onskuldige broederlike besorgdheid oor mede-Christengelowiges, het daar, sonder veel teologiese begronding, in die loop van twee dekades by die amptenary van die Wêreldraad van Kerke 'n obsessie ontwikkel om apartheid, die amptelike beleid van rasseskeiding in Suid-Afrika, tot niet te maak. Die redes daarvoor, die wyses waarop, asook die intriges en sameswerings wat agter die skerms plaasgevind het, word in hierdie proefskrif verhaal.

Een bepaalde gebeurtenis verleen aan hierdie ondersoek meer as die gewone akademiese belangrikheid. Die Wêreldraad van Kerke het onder meer in Desember 1960 die belangwekkende Cottesloe-beraad gehou waarby al die belangrikste kerkgroepe in die land betrek is. Juis vanweë die Cottesloe-beraad, waartydens die Nederduitsch Hervormde Kerk hom van die beraadsbesluite gedistansieer het, bring mee dat die outeur, wat 'n predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk is, ook deel van die omstredenheid raak wat reeds rondom hierdie gebeurtenis bestaan. Dis nie soseer die standpunte wat hy hieroor inneem nie, as die wyse waarop hy die hele ondersoek hanteer het, wat die toetssteen vir sy objektiwiteit en eerlikheid bepaal. Die akademiese meriete is geleë in die analitiese diepte wat die ondersoek as geheel kenmerk.

## OORSIG

In 'n raps oor die agthonderd getikte bladsye, pragtig in boekformaat ingebind, word twee dekades se ruim twintig kerkvergaderings, sinodes, konferensies en berade aan die orde gestel. Ses hoofstukke beskryf die aanleidende gebeure in die vyftigerjare; vyf hoofstukke behandel net die Cottesloeberaad en vyf hoofstukke word gewy aan die Wêreldraad van Kerke se oorgang tot daadwerklike optrede. Die sewentiende hoofstuk bevat die finale evaluering.

Elke hoofstuk, opgebou uit onderafdelings met eie opskrifte, begin meestal, maar nie altyd nie, met 'n inleiding en sluit af met 'n beoordeling. Tog vind 'n mens dat 'n hoofstuk ook verskeie afsonderlike 'beoordelings' bevat wanneer 'n onderafdeling afgehandel word. Hoofstuk 13 het byvoorbeeld vyf sodanige 'beoordelings'. Die aantekeninge (voetnootverwysings) verskyn aan die einde van elke hoofstuk wat terselfdertyd ook as die literatuurlys van die proefskrif geld - 'n ietwat lastige gebruik. Dit maak 'n oorskouing van al die geraadpleegde werke, of net die vind van 'n besondere een, uiters moeilik.

Die probleemstelling is 'n kulturele tweeledigheid. Aan die een kant voer die outeur die Afrikaans-republikeinse staatsbeskouing aan wat sedert 1948 aan bewind was en met die apartheidsbeleid vir alle rassegroepe binne die landsgrense 'n regverdige naasbestaan wou verseker. Steun hiervoor is gevind van die drie Afrikaanse kerke

wat self so 'n beleid geken het. Die Nederduitsch Hervormde Kerk, met Artikel III, erken net blankes as lidmate terwyl die Gereformeerde Kerke afsonderlike gemeentes het. Die Nederduitse Gereformeerde Kerke (toe nog een in elke provinsie) het op teologiese gronde totale skeiding van die rasse as 'n geregverdigde einddoel by die owerheid aanbeveel.

Daarteenoor, voer die outeur aan, het die Brits-imperialistiese beskouing gestaan. Ofskoon dit self vir baie jare 'n voorstander van rasse-segregasie was, hierin ondersteun deur die Engelse kerke, is ná 1948, in terme van 'n eenvormige liberaal-burgerstaat, standpunt teen apartheid ingeneem. Voorstanders hiervan het nie geskroom om instansies en persone in die buiteland as bondgenote te betrek nie.

Apartheid, in die eerste plek 'n politieke aangeleentheid, het ook gekwalifiseer as 'n teologiese probleem. Maar die Wêreldraad van Kerke was nie soseer hierin geïnteresseerd nie. Die Raad moes in die eerste plek homself as 'n internasionale liggaam regverdig. Sy amptenare wat Suid-Afrika besoek het om kennis van die problematiek op te doen, in besonder die algemene sekretaris, WA Visser 't Hooft, het met vooringenome standpunte aanklank gevind by liberale teenstanders van die Suid-Afrikaanse regering. Die denke en optredes van die Wêreldraad van Kerke is dikwels gekenmerk deur die afwesigheid van ernstige teologies-etiese beredenerings. Sosiaal-politieke en ekonomiese gedagtes is sonder meer as oplossings vir die land voorgehou. Met die konferensie te Evanston, Kanada, in 1954 het die Engelse en Swart kerke bondgenote van die Wêreldraad van Kerke geword omdat hulle hul openlik geskaar het by diegene wat apartheid verwerp het. By die geleentheid is die ideologie van die ekumenisme aanvaar. Laasgenoemde het hierna gedreig om die gereformeerde denke van die Afrikaanse kerke te beïnvloed. Reeds uit reaksie het die Gereformeerde Kerk hom as lid van die Wêreldraad van Kerke onttrek.

Aanvanklik was dit die Wêreldraad van Kerke se oogmerk om die Afrikaanse kerke tot teenstanders van die regeringsbeleid te beweeg. Gedurende die tweede helfte van die vyftigerjare ontplooi die Wêreldraad van Kerke 'n fyn spel van manipulering, wanvoorstellings, persoonlike beïnvloedings en die aanvoer van direkte onwaarhede. 'n Mandaatlose Voortsettingskomitee van 'n pasafgelope konferensie word voortaan die hefboom en kommunikasiekanaal van die Wêreldraad van Kerke. Verder, onder leiding van 'n paar vooraanstaande persone in die drie Afrikaanse kerke, kom ekumeniese gespreksgroepe tot stand. Die Sharpeville-gebeure bied die geleentheid vir die hou van 'n grootse Suid-Afrikaanse kerkeberaad (Cottesloe). Die beraad word egter sodanig bewimpel dat net die Nederduitse Gereformeerde Kerke se

memorandums as grondslag vir die besprekings geneem word. Met 'n hoofdelike stemming word 'n aantal besluite geneem wat reëlreg met kerk- en owerheidsbeleid verskil. Net die Nederduitsch Hervormde Kerk laat sy teenstem aanteken. In 'n eensydige verklaring distansieer die Nederduitsch Hervormde Kerk hom ook van al die beraad se besluite. Dit skep 'n mate van verwarring. Die Nederduitse Gereformeerde Kerke se afvaardigings, wat met alles eens was, reik nou 'n verklaring uit dat ook hulle nog steeds apartheid as sodanig steun.

As waterskeiding maak Cottesloe die middelpunt van die proefskrif uit. Hierin het die Nederduitsch Hervormde Kerk geen geringe aandeel gehad nie. As nasleep beëindig altwee die betrokke Afrikaanse kerke hul lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke waarmee laasgenoemde sy hefboom teen die Suid-Afrikaanse regering verloor. Geen ander byeenkoms van die Wêreldraad van Kerke word ook in soveel besonderhede bespreek nie. Dit was die laaste keer dat die Wêreldraad van Kerke ernstig vanuit 'n teologiese oogpunt oor die rassekwessie as sodanig besin het. Voortaan is tydens konferensies toenemend minder van kerke en kerkmense as deelnemers gebruik gemaak. Eerder is uitgesoekte persone wat bepaalde liberaal-humanistiese standpunte gehuldig het, byeengebring. Sodoende kon die beoogde doelwitte ook beter bereik word. Kapitaalkragtige instellings het vir hul onkostes ingestaan waarmee hul eie oogmerke bevorder is. Later is selfs nie geskroom om selferkende kommuniste of kerkvreemdes te betrek nie.

In Afrika is gedurende die sestigerjare, te midde van bloedige tonele, die koloniale juk afgewerp. Die Wêreldraad van Kerke het agtergekom dat die Swart Christenkerke in Afrika dalk in die vergetelheid mag raak as die kerk nie ook deel van die kontinent se opstand teen die blankes word nie. Om dus mee te kon spreek, is gereeld aan politici uit Afrika, of van minderheidsgroepe in sekere ander lande, 'n forum gebied wat hulle ook reikhalsend gebruik het. Veral Westerse lande, die geïndustrialiseerde lande van die Noordelike Halfrond, is by die geleentheid oor hul bepaalde houdinge en optredes gekritiseer. In velerlei opsigte is dubbele standaarde toegepas net om die mense van Afrika se guns te wen.

Die eerste konferensie ná Cottesloe is 1961 in Genevé gehou. Terwyl daar nog pas te Cottesloe besluit is dat elke inwoner van 'n land geregtig is op individuele grondbesit, word daar nou, op aandrang van die Afrika-afgevaardigdes, besluit dat grondbesit geen voorvereiste hoef te wees nie. Die gedagte tree na vore om 'n skuldgevoel by blankes op te wek oor die onregte wat hul vroeëre geslagte sou gepleeg het. Omdat 'n kernoorlog in die Noordelike Halfrond gevrees is, word oorlog tot sonde verklaar. Maar in die Suidelike Halfrond mag dit, want oorlog bring vryheid.

Te Kampala (1963) oorheers die vrees dat die kerk se aansien in Afrika taan. Om verlore terrein te herwin, word blanke nasionalisme in die Suide verwerp, terwyl die aansprake van die swart nasionaliste erkenning verkry. Rewolusie volgens die Marxistiese beginsels word nou deel van die Wêreldraad van Kerke se denke. By Mindolo (1964) wentel die besprekings om geweld. Geweld word geregverdig as dit teen die blanke bestel in die Suide gemik is, maar geweld teen swartes word verdoem. Rasseskeiding is nou tot kettery verklaar en die *Ecumenical Programme for Emergency Action in Africa* neem 'n aanvang. Hiermee word daadwerklike steun en opleiding aan terroriste verleen.

Die 1966-konferensie te Genevé rig hom tot al die Wêreldraad van Kerke se lidkerke. 'n Teologie van rewolusie is nou sonder Bybelse begronding aanvaar. In die Noordelike Halfrond behels rewolusie hoofsaaklik tegniese ontwikkeling, maar in die Suidelike Halfrond het dit 'n militêre kleur. Die Verenigde Volkeorganisasie se Handves van Menseregte word nou die norm waaraan die kerke moet voldoen terwyl die evangelie tot 'n blote propagandamiddel gedegradeer is.

By Uppsala (1968) is gepoog om rassisme te omskryf. Maar al wat konkreet na vore getree het, is 'n omskrywing van wit-rassisme. Die steeds groter wordende gaping tussen die ryk en arm lande is nou aan die Weste se neo-kolonialisme toegeskryf. Die Wêreldraad van Kerke besluit hier op 'n 'Programme to Combat Racism'. Terwyl daar nog te Notting Hill (1969) beraad gevoer is oor die leer van vergoeding aan vroeër onderdruktes, gryp die Black Power-beweging fisies in. Die magteloosheid, oftewel die gekleurde mense se sug na mag, kom met dié optrede dramaties na vore. Omdat die formulering van die leer van vergoeding eintlik neerkom op blanke afdreiging, word dit gevolglik op die volgende byeenkoms te Canterbury verwerp. In die plek daarvan vorder die Wêreldraad van Kerke sy lede op om sosialistiese welsynstate gevestig te kry. Die kerk is nou openlik aan die kant van die terroriste wat hulle aanvalle rig op die blanke besture van die Suide. Te Arnoldshaim (1970) bewillig die Wêreldraad van Kerke fondse vir die doelwit. Daarmee lê die Wêreldraad van Kerke as 'n mede-kameraad saam in die loopgrawe van die swartes se stryd teen die blanke bewinde in die Suide.

## PERSONE

'n Hele paar persone wat hoofrolle in die gebeure vertolk, word in die proefskrif ontmasker. Aan die Wêreldraad van Kerke-kant is daar sy hoofsekretaris, WA Visser 't Hooft. Hy maak reeds ten tye van sy eerste besoek aan Suid-Afrika gemene saak met mense wat mettertyd sy vertrouelinge raak. Sy gewetenlose optredes grens soms aan die kriminele. Hy het net een doel voor oë gehad en dit was

om apartheid uit die weg geruim te kry. 'n Mede-kollega van hom, EC Blake, se eerste indrukke van die Suid-Afrikaanse problematiek staan in skerp kontras met sy latere menings. Daisuke Kitagawa, die Wêreldraad van Kerke-konsultant vir rasseverhoudinge, beoordeel Suid-Afrika weer op grond van sy pas afgelope ondersoek in die Verenigde State van Amerika. Hy moes deur 'n Suid-Afrikaanse simpatiseerder op sy growwe mistastings gewys word. Robert S Bilheimer, 'n mede-hoofsekretaris van die Wêreldraad van Kerke, was een van die groot argitekte van die aanslag op die Afrikaanse kerke. Hy was uiters bedrewe in die kuns om deur onderhandeling 'n bepaalde doelwit te kon behaal. Ook was hy trots daarop dat hy hom in die 'decisive fight' teen apartheid in die voorste linies bevind. Dr FC Fry het as voorsitter te Cottesloe op behendige wyse die besprekingsprosedure so hanteer dat die Afrikaanse kerke tot heeltydse samewerking oorreed is.

In Suid-Afrika was daar ook diegene wat uiters belangrike rolle vertolk het. Onder hulle tel BJ Marais wat vroeg reeds met sy kritiek teen apartheid die aandag op hom gevestig het. CB Brink het na afloop van die Evanston-konferensie (1954) reeds begin twyfel aan die uitvoerbaarheid van apartheid en daarna 'n ommekeer gemaak. Twee ander belangrike figure was prof AS Geyser en CFB Naudé wat saam met Marais vir die Wêreldraad van Kerke geheime gespreksgroepe moes organiseer waarmee die Afrikaanse kerke ondergrawe kon word. Naudé, 'n toegewyde en invloedryke bepleiter van integrasie, het in die pers probeer voorgee dat die Cottesloe-besluite die resultaat van die Suid-Afrikaanse kerke is en nie die breinkind van die Wêreldraad van Kerke nie. Onbeskaamd het hy die besluite verhef tot 'n norm waarmee staat en kerk gekonfronteer is. Hiermee het hy vir hom by die Wêreldraad van Kerke die eretitel verwerf as 'our good friend Naudé'.

Naudé en Geyser sorg later vir die totstandkoming van die Christian Institute waarmee hulle belangrike medewerkers van die Wêreldraad van Kerke word. Naudé (bl 377) en Brink beplan ook om sekere foutiewe inligting aan die Sinodale Kommissie te verstrek om die Kommissie in die duister te hou ten einde die Wêreldraad van Kerke tot voordeel te wees.

Maar seker dié belangrikste deelnemer wat aan die lig kom, is FJ van Wyk. As 'n links-liberale het hy sy dienste tot die Wêreldraad van Kerke beskikbaar gestel en mettertyd een van hulle grootste vertrouelinge in Suid-Afrika geword. As 'n amptenaar van die Institute of Race Relations het hy geen amptelike kerkbetrokkenheid gehad nie. Desnieteenstaande het hy op eie inisiatief die Wêreldraad van Kerke van inligting voorsien, op 'n tydstip bykans weekliks, wat hulle op feitlik geen ander wyse kon bekom nie. Sy rol was by menige geleentheid

deurslaggewend. Wêreldraad van Kerke-verklarings is selfs aan hom voorgelê alvorens dit vrygestel is (bl 568-569). Hy het die Wêreldraad van Kerke se 'absolute vertroue' geniet en as hul 'chief contact' in Suid-Afrika opgetree (bl 285).

## GEBREKE

Ten spyte van die omvang van die proefskrif is daar besonder min foute teëgekom - 'n getuigskrif vir die netjiese, goedversorgde en afgeronde studie. Tog kan die een en ander opgemerk word.

Die outeur probeer deurgaans datums met groot oorleg gebruik. Dit is dus nooit oorheersend nie. Hy sondig eerder aan die afskeepkant wat dan problematies raak. Soms is die vermelding van 'n datum net eenvoudig 'n móét vir die beter verstaan van die inhoud. So is dit byvoorbeeld noodsaaklik dat die aanhaling onderaan bladsy 39 vooraf egaan moes word met iets soos: 'Teen Februarie 1952....' Ek het ook die gemis aan 'n datum op bladsy 23 as lastig ervaar. Mettertyd raak 'n mens Steenkamp se styl gewoond en pla die afwesigheid van datums minder. Maar as hy op bladsy 236 en 237 praat van 'op dieselfde dag' terwyl sy voetnote dui op 'n tien dae verskil, kom die gebrek aan datums sterker na vore. Terwyl hy op bladsy 543, soos dit hoort, die presiese datum vermeld waarop 'n saak ter sprake gekom het, ontbreek egter hierna die begin- en einddatums van die volgende Sinode. Maar dan, asof hulle tog daar is, sê die outeur: 'Uiteindelik neem die sinode op Saterdag 8 April 1961...' 'n besluit. Sonder enige ander aanduiding is die 'uiteindelik' niksseggend, hoe volledig ook al.

Voetnootverwysings, aantekeninge noem die outeur dit, lewer 'n kwota probleme. Op bladsy 291 behoort verwysingsnommer 35 eintlik 34 te wees, terwyl op bladsy 319 nommer 18 ontbreek. Die verstrekte 2.5.1952 in verwysing 7 op bladsy 479 kan nie reg wees nie, aangesien dit slaan op die gebeure van Desember 1960. Verwysing 59 op bladsy 485 bevat geen genoegsame aanduiding van die aard van die bron nie, byvoorbeeld of dit 'n verslag, notule of 'n brief is. Vergelyk dit met verwysing 102, bladsy 488, waar dieselfde bron oënskynlik weer gebruik is. Op bladsy 507 is verwysing 29 omgeruil met 28 op bladsy 508 en 176 op bladsy 575 moet 166 wees. Terwyl verwysing 10, bladsy 580, *Die Vaderland* as bron verstrek, praat die teks op bladsy 495 van *Die Transvaler*. Verwysing 28, bladsy 626 se bron dra as sodanig nie gewig nie, net soos die outeur homself met die stelling 'Steenkamp toon met reg... aan' (bl 659), ook nie as korrek kan bevind nie. Wat met '*WA* 54, 185, vv' in verwysing 80, bladsy 585 bedoel word, kon ek nie vasstel nie al het ek ook tien hoofstukke teruggeblaai.

Onnodige herhalings is 'n belangrike gebrek in die werk. Neem byvoorbeeld bladsy 376: '... Bilheimer hom so daaraan steur dat hy sy terugreis na Genevé kanselleer'. Die tweede sin

hierna lees: 'Bilheimer kanselleer sy terugreis na Genevé en ...' wat weinig voortgang aandui. So is 'decisive fight' vir die Wêreldraad van Kerke se doelgerigtheid 'n pragtige omskrywing, maar as dit te veel keer aangewend word, soos ook in verwysing 19, bladsy 481, neig dit naderhand om sy trefkrag te verloor.

'n Eienaardigheid is dat die skrywer gereeld 'neokolonialisme' skryf, maar 'nieumarxiste'.

Die identifikasie van die reeds genoemde JF van Wyk lewer ook sy kwota frustrasie. Juis omdat dit 'n persoon is wat so 'n besonderse aandeel gehad het en voortdurend in kontak was met die Wêreldraad van Kerke, kom dit verrassend voor as op bladsy 85 en bladsy 90, skielik 'n JA van Wyk vermeld word wat aan die Wêreldraad van Kerke se algemene sekretaris skryf. 'n Dr JA van Wyk, bladsy 480, is wél ter sprake, maar dan word hy as sodanig opgegee. Is daar dus op bladsy 85 en 90 sprake van 'n verwarring van persone?

Die volgende spel- en of skryffoute is raakgelees. Op bladsy 29 kontakgeleenhtede; bladsy 44 enersdys; bladsy 48 'aboliton'; bladsy 94 Uitvoerende komitee = met 'n hoofletter K; bladsy 123 'But is must ...' = it; bladsy 161 renascence = renaissance?; bladsy 267 Nederduitsch Gereformeerde Kerk; bladsy 315 'As sulks ...' = As sodanig; bladsy 491 'maar dat dit NG Kerke dit ...'; bladsy 571 bemoeie= nis; bladsy 568 Francis Meada, terwyl in verwysing 150, bladsy 590 Frances Maeda staan; bladsy 591 verwysing 162 se datum lees 11.23.1961 wat moontlik ooreenstem met die bron, maar dit is die enigste keer dat datums op dié wyse verstrek word. Op bladsy 622 lê die beklemtoningstrepies van die 'of ... of' verkeerd om. Voltooing op bladsy 669; bladsy 678 EcumenicalPerspective in verwysing 76 en WorldCouncil in verwysing 1, bladsy 707. Die Duitse woord 'nicht' kom op bladsy 737 as 'nicth' voor en op bladsy 754 is die hakie in die tweede reël verkeerd geplaas, te wete (swartes se), terwyl die Afrikaanse spelling van Singapur, bladsy 755, anders is.

## KRITIEK

Herhalings is seker een van die belangrikste besware teen die styl van die proefskrif. Een saak word tot drie/vier en meer kere aan die orde gestel en stellings word bykans by die leser ingehamer. Dit klink naderhand soos 'n refrein wat op elke paragraaf volg.

Op bladsy 384 maak die outeur die gevolgtrekking dat die Wêreldraad van Kerke 'met mense' wou vergader 'wat met ondermynende bedrywighede ... besig was' wat sou 'dui op die politieke belangstelling van die Wêreldraad van Kerke ....' Hiermee word 'n aanname gemaak wat tot op die tydstip nog nie deur die skrywer beredeneer is nie. Wat in die geval van belang behoort te wees, is nie soseer die vergadering nie, maar omdat dit eintlik in die geheim moes plaasvind.

Sommige van die gegewens vermeld in die lang verwysings kon inderdaad in die teks ingewerk gewees het. Daar is van die verwysings wat soms op sigself tydskrifartikels is.

'n Onnadenkende subjektiwiteit straal uit die opmerking dat Visser 't Hooft en Bilheimer te Cottesloe tussen al die groepe wat besig was met besprekings, beweeg het en "n kataliserende effek' gehad het. 'Hulle het gewoonlik by 'n groep opgedaag op 'n tydstip wanneer kontensieuse sake aangeroer is en het by sulke geleenthede die gesprek deur vrae en opmerkings in die gewenste rigting gelei.' Iets hiervan mag waar wees, maar dit word darem te naïef gestel.

Die rol van die Wêreldraad van Kerke-mense word net te sterk geskilder. Dit wil voorkom asof die Afrikaanssprekendes dus geheel en al oordonder is of toegelaat het dat hulle met 'n slap riem gevang word. En terwyl die skrywer die ander kerke vir hul politieke standpunte verwyt, kan die Afrikaanse kerke seker nie daarvan geheel en al kwytgeskeld word nie (bl 456).

'n Ander stelling wat die outeur kritiekloos aanvaar het, kom op bladsy 504 voor. Die Cottesloe-beraad het op Saterdag 17 Desember verdaag en reeds op 21 Desember verskyn daar in *Die Transvaler* die reaksie van die Gemeente Silverton. Dit kom my voor of dit eenvoudig te gou kon wees vir 'n gemeente om te kon reageer - hoogstens 'n kerkraad.

Die Nerderduitsch Hervormde Kerk kom in die proefskrif oor die algemeen baie goed daarvan af. Dit is die Nederduitse Gereformeerde Kerke se afvaardigings of Sinodes wat die foute begaan. Die Nederduitsch Hervormde Kerk is altyd standvastig en beginselvas. Sy leiers sien die Wêreldraad van Kerke vir wat hulle is en maak die regte oordele. Soms laat hulle wel na om betyds besware te opper. Maar as die kleinste kerk, is die Nederduitsch Hervormde Kerk negeerbaar en konsentreer die Wêreldraad van Kerke net op die Nederduitse Gereformeerde Kerke. Die teenstellende menings in die Nederduitse Gereformeerde geledere skep 'n geleentheid tot uitbuiting deur die Wêreldraad van Kerke. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal word lamgelê weens sy vrees dat ontevrede lidmate dalk hul skredes na die Nederduitsch Hervormde Kerk sal wend - 'n ongegronde vrees het dit geblyk.

Wanneer die outeur Algemene Kerkvergaderings of Sinodes behandel, tree hy ook verskillend op. Die Nederduitsch Hervormde Kerk se voorsittersrede word in besonder vermeld, die Transvaalse Nerderduitse Gereformeerde Kerk se openingsrede glad nie.

Sy vooroordele en subjektiwiteit kom verder op bladsy 724 na vore. 'Dit bly waar', sê Steenkamp, 'dat deur al die eeue heen nog geen enkele meganiese produksiemiddel deur swart inisiatief tot stand gekom het nie. Die bestaanswyse van swartes in Afrika is steeds op roofbou gebaseer.' Twee

paragrawe verder op dieselfde bladsy: 'Afrika noord van die Limpopo is 'n teksboek voorbeeld van wat gebeur as Europese sosialisme en anti-blanke rassisme hulle kragte saamsnoer'. Op hierdie en die volgende bladsy skryf die navorser bloot ander se menings oor en berus die stellings nie op sy eie ondersoek nie.

**WAARDERING**

Hierdie is 'n proefskrif met 'n sterk standpuntinname. Die Wêreldraad van Kerke en sy meelopers word aan die kaak gestel. Deur noukeurige ondersoek in die Wêreldraad van Kerke se eie argief is bronne nagegaan wat tot nog toe onontgin gelê het. In dié opsig kon werklik 'n nuwe bydrae tot ons kennis gelewer word. Die getuienis daarin opgediep is verdoemend ten opsigte van die komplotte wat die Wêreldraad van Kerke-amptenary teen die Afrikaanse kerke en die Suid-Afrikaanse bestel gevoer het. Die titel kon net so goed 'Kerke en Komplotte' geheet het.

Seker een van die belangrikste aspekte van die ondersoek is die nuwe perspektief wat die outeur bring in teenstelling met die bestaande werk van AH Lückhoff: *Die Cottesloe-kerkeberaad*. Steenkamp gee besonder baie aandag aan die wanvoorstellings van Lückhoff ofskoon hy nie die enigste is wat aan die pen ry nie. Hy huiwer nie om Lückhoff se gebrekkige navorsing, bevooroordeeldheid en moedswillige kortsigtigheid bloot te stel nie.

Lückhoff word in 'n handvol voetnote wat op 'n paar plekke voorkom heeltemal afgebreek. Die eerste verwysings kom op bladsy 226-230 en daarna weer op bladsy 268 en 269-270 voor. Hef aan lê egter nog voor. Op bladsy 278-279, 300, 308-309 en daarna op bladsy 387-393, 400, 404-405 en 407-416 verskyn die hoofargumentasies. Omdat Steenkamp toegang tot die Wêreldraad van Kerke-dokumente gehad het, kan hy dus korrektief wees op Lückhoff. Hy weerlê nie net Lückhoff se verdagmakery en beskuldigings van die Nederduitsch Hervormde Kerk nie, maar ook waar Lückhoff *molens volens* die Nederduitse Gereformeerde Kerk te na kom, soos op bladsy 396 verwysing 44, en bladsy 401-402 verwysing 81. In van hierdie voetnote kom van die skitterendste ontledings en beredenerings in die geskrif na vore, soos verwysing 122 op bladsy 407-416 getuig. Hierna kruis hy net nog in een verwysing met Lückhoff swaarde en dan verwerp hy hom.

Die werk is nie sonder sy eie vooroordele nie. Dit kan as apologeties vir die Nederduitsch Hervormde Kerk, of dan in die breë vir die Afrikaanse kerke wees met 'n sterk afkeer in die Wêreldraad van Kerke. Maar elkeen wat dit gelees het, sal onder die indruk kom dat die skrywer sy taak meesterlik voltooi het.